

Ondersteun sendelinge en raak deel van 'n span

“My liewe vriend, jy doen regtig wat ’n gelowige behoort te doen. Ek praat daarvan dat jy jou geestelike broers en susters wat daar by julle langs gekom het, vriendelik ontvang en gehelp het. Dit het nie eers vir jou saakgemaak dat jy hulle nog nooit voorheen gesien het nie... jy doen die regte ding om sulke mense op reis te help. As jy dit doen, kan jy maar seker wees dat God sy hand van tevredenheid op jou skouer sal sit. Hierdie mense het die reis aangepak omdat Jesus dit van hulle gevra het. Van ongelowiges kry hulle natuurlik nie hulp nie. Ons het dus die plig om sulke mense te help waar ons kan. Op dié manier word ons ook deel van die span wat die goddelike waarheid oral verprei.” (3 Johannes vers 5-8, Die Boodskap)

Dr Kruger du Preez



“It’s good work you’re doing, helping these travellers on their way, hospitality worthy of God himself! They set out under the banner of the Name, and get no help from unbelievers. So they deserve any support we can give them. In providing meals and a bed, we become their companions in spreading the Truth.” (3 John 5-8 – The Message)

Liewe vriende en familie

Raak meer intens betrokke by sending en sendelinge

In die 14 jaar wat ek en Antoinette sendelinge in Mosambiek was, was hierdie verse die sleuteltekste van ons uitstuurspan in Suid-Afrika. Mense wat die Evangelie verkondig buite die gewone gemaksones van ’n gevestigde gemeente, veral in transkulturele bedienings, verdien ekstra hulp van gelowiges! Sendelinge, evangeliste en leraars wat die grense moet deurbreek van taal, kultuur, dikwels landsgrense, behoort te kan reken op die morele-, logistiese-, gebed-, kommunikasie- en finansiële ondersteuning van die ‘sendende’ gelowiges. Ja, Johannes stel die hulp aan ‘reisende gelowiges’ as ’n natuurlike plig van gelowiges en nie eintlik as ’n keuse nie. Dit lê in lyn met Paulus se beredeneringe in Romeine 10:14 – 15:

“Maar hoe sal hulle Hom aanroep as hulle nie in Hom glo nie? En hoe sal hulle in Hom glo as hulle nooit van Hom gehoor het nie? En hoe sal hulle van Hom hoor sonder dat daar iemand is wat die Boodskap bring? En hoe sal hulle die Boodskap bring as hulle nie gestuur word nie? Daarom sê die Skrif: ‘Hoe lieflik klink die voetstappte van hulle wat die Goeie Boodskap bring!’”

Oor die plig van gelowiges en die kerk om missionêr te wees, is die hele Bybel vol. Dink hier veral aan die ‘Groot Sendingopdrag’ in Matteus 28:19,20 – *“Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies...”* Jesus se woorde soos weergegee in Lukas 24:46-48 is vir my besonders:

“Toe het Jesus sy dissipels se verstand geopen om die Skrifte te verstaan en gesê: ‘So staan dit opgeteken dat die Messias moet ly en op die derde dag weer opstaan uit die dood. In sy Naam moet hierdie boodskap en die boodskap van bekering tot vergifnis van sondes nou aan al die nasies verkondig word.”

Die vraag is dus of ons verstand werklik geopen is vir hierdie sentrale waarheid dat Jesus moes ly en opstaan en dat hierdie Boodskap aan al die nasies verkondig moet word? Missioloë beklemtoon ons plig tot uitreiking ook op treffende wyses. David Bosch in sy boek *Transforming Mission* stel dit soos volg:

Sending moet gesien word as ’n beweging van God na die wêreld; die kerk op sy beurt moet gesien word as die instrument van daardie sending. Daar is ’n kerk omdat daar sending (mission) is, nie vice versa nie.

Ek volstaan hier met ’n sterk aanhaling uit Patrick Johnstone se boek: *The church is bigger than you think*:

Hoe kan ’n gemeente of denominasie daarop roem dat hulle Bybels of selfs Christelik is as hulle nie in die hart van hulle bedieningsagenda God se hart vir ’n verlore wêreld het nie? Die kerk se begrotingtoedeling, gebedsbetrokkenheid en werkers’ visie behoort hul missionêre visie te reflekteer. Die kerk van die Here Jesus Christus word inderdaad gedefinieer deur sending – want die kerk is eintlik saamgestel uit diegene wat tot redding gekom het deur sending! Nou het hierdie kerk en sy gelowiges die grootse (awesome) verantwoordelikheid om ander te wen deur hulle getuieis gerigtheid. As die kerk in die breë en ’n gemeente in die besonder, nie missionaal gerig is in hul teologie, daaglikse lewe en toewyding nie, het hulle eintlik nie meer die reg om hul daarop te beroem dat hulle die kerk van Jesus Christus is nie! Die lewensvatbaarheid en gesondheid van die Kerk en van onself, as kinders van God, kan nie geskei word van die roeping tot wêreld evangelisasie nie (My vertaling).

Duideliker kan dit seker nie gestel word nie. Tog het ons teksvers bo eintlik te make met die ondersteuning van sendingwerkers. Neal Pirolo in sy boek: *Serving as senders – how to care for your missionaries* (i) while they are preparing to go, (ii) while they are on the field and (iii) when they return home, kan ons baie help. Hy roep gelowiges op om by een of meer as een van die volgende areas van ondersteuning betrokke te raak:

1. Morele ondersteuning – om eenvoudig ‘daar te wees’ vir sendelinge
2. Logistiese ondersteuning
3. Finansiële ondersteuning
4. Gebedsondersteuning
5. Kommunikasie ondersteuning
6. Terugkeer ondersteuning

Kom ons reflekteer meer oor bogenoemde punte:

1. Morele ondersteuning.

Gee morele ondersteuning reeds aan voornemende sendelinge. Moenie wees soos die geestelike leiers in die tyd van die groot sendeling William Carey wat alles in hulle vermoë gedoen het om hom

te ontmoedig om China toe te gaan nie: *“When God pleases to convert the heathen, He will do it without your aid or ours”* het hulle gesê! Dink aan arme Paulus wat orals oop deure gesien het vir die Evangelie maar nie orals dieselfde entoesiasme vir sy idees teëgekome het nie; *“Hier staan nou ’n wye deur vir my oop en daar is baie mense wat op die evangelie reageer.”* (1 Korinthiërs 16:9). Op ’n ander plek smeek die gelowiges vir Paulus om nie na Jerusalem toe terug te gaan nie en dan reageer hy soos volg:

“Waarom wil julle my hart sag maak met julle gesanik? Julle weet mos ek is bereid om ter wille van die Naam van die Here Jesus nie net in Jerusalem gevange geneem te word nie, maar selfs ook te sterf.” (Handelinge 21:13).

Aktiewe luister is waarskynlik een van die mees verwaarloosde fundamente van morele ondersteuning. Neal Pirolo sê van aktiewe luister dat dit eintlik sê:

Ek is met jou. Ek sal die tyd neem. Ek sal energie insit en werklik luister na jou hart, nie net na wat jou woorde sê nie. Aktiewe luister vra vir al jou aandag. Dit is harde werk, dit verg konsentrasie. Maar hoe nodig is dit nie vir morele ondersteuning nie! Aktiewe luister verplig jou om met respek te reageer. Selfs al is jy nie ‘in sy/haar skoene nie’ en kan nie ten volle verstaan wat hy/sy ervaar nie, kan jy ware empatie toon. Probeer om sy/haar gedagtes en gevoelens te ervaar in hierdie onderneming (venture) van die geloof.

Kom ons maak ten minste tyd om te luister na sendelinge!

Pirolo stel die volgende aksie stappe voor by Morele Ondersteuning:

- Begryp duidelik dat morele ondersteuning – die ‘daar wees’ vir sendelinge – eintlik die fondamentsteen is van die hele sendingstrategie
- Gee volhoubare waardering vir alle werkers wat betrokke is by die uitbreiding van Gods Koninkryk
- Besef dat morele ondersteuning suksesvol is as dit lei tot ’n meer persoonlike verhouding met die sendeling (-e)
- Skryf gerus by geleentheid aan ’n sendeling ’n brief van bemoediging
- Werf ander om met entoesiasme deel te vorm van die morele ondersteuningsgroep
- Bewys “hospitality worthy of God himself!”

2. Logistiese ondersteuning

As jy betrokke raak by die logistiese ondersteuning van ’n sendeling raak jy dalk betrokke by die keuse van ’n sendingveld of sendeling om te ondersteun. Jy raak dalk betrokke by persoonlike hulp wat mag insluit probleme met invoer van goedere, kar probleme, ‘home schooling’ materiaal, ens. Dink hier aan Paulus wat aan Timoteus skryf: As jy kom, bring asb. my jas saam wat ek by Karpus in Troas agtergelaat het. Bring ook my boeke saam veral die perkamente (2 Timoteus 4:13). Jy kan ook dalk betrokke raak by die hele besigheidsbeplanning of strategie van ’n spesifieke sending om dit verantwoordbaar en deursigtig te maak. Aksie stappe kan insluit:

- Die besef van die belangrikheid en omvang van logistiese ondersteuning

- Die besef van die belangrikheid dat ons in die Liggaam van Christus mekaar baie nodig het
- Skryf aan die sendeling, bied hulp aan en vra wat die behoeftes is
- Organiseer ander om betrokke te raak by die logistiese ondersteuning

En onthou:

“In providing meals and a bed, we become their companions in spreading the Truth”.

3. Finansiële ondersteuning

Onthou, hulle gaan rond ter wille van die saak van Christus en ontvang niks van die ongelowiges nie. *“They set out under the banner of the Name, and get no help from unbelievers”.*

Baie sendelinge sal Paulus kan nasê:

“Ek prys die Here met groot blydschap omdat julle weer ’n slag aan my finansiële kon dink. Ja ek weet dat julle ook ander tye aan my dink maar in julle besige programme nie die geleentheid gehad het om iets te doen nie...” (my vertaling) (Filippense 4:10).

Tragies as ’n sendeling die meeste van sy kwaliteittyd en energie moet spandeer om te bid vir die nodige finansies vir homself en sy familie en die bediening!

Betrokkenheid hierby mag die volgende insluit:

- Help met die strategie van wyse finansiële betrokkenheid by ’n sending of sendeling. Lees gerus boeke hieroor
- Woon seminare by wat oor finansiële sake handel om jouself te bemagtig
- Stuur self gereeld jou bydrae
- Motiveer vindingryk ander gelowiges om hulle sakke te skud vir sending
- Organiseer ander om betrokke te raak by fondswerwing

4. Gebedsondersteuning

Dit is seker nie nodig om die noodsaak te beklemtoon van gebed vir sendelinge nie. Dink maar aan ’n Paulus wat die gemeente in Efese opgeroep het om vir hom, as die groot sendeling, te bid;

“Bid ook vir my, dat wanneer ek moet praat, woorde aan my gegee sal word om met vrymoedigheid die geheime plan van die Goeie Nuus bekend te maak... Bid dat ek, soos dit hoort, die Goeie Nuus met vrymoedigheid sal verkondig” (Efesiërs 6:19-20).

Luister hoe mooi stel Neal Pirolo die rol van intersessie gebed:

Gebed transendeer die dimensies van tyd en ruimte en begelei ons in die troonkamer van God, waar ons aanbid, versoek en pleit en intree vir ander in daardie geestelike ryk van die ewige nou...

Gebed is soms ‘Halleluja’ (Psalm 150). Dit is soms om God te vertel van die ‘detail’ van ons behoeftes (Filippense 4: 6). Dit gebeur soms deur harde kniewerk te doen en onuitspreeklike

versugtinge te uiter (Romeine 8:26). Dit is die gebed van 'n sendende kerk wat die krag vrystel deur Sy boodskappers in China, Afrika, Europa, Latyns- en Noord-Amerika.

Gebed is die arena van geestelike oorlogvoering. Diegene wat regtig betrokke raak by interessie kom in aanraking met 'n wêreld in nood. Diegene wat deel word van geestelike oorlogvoering weet van swaarkry en letsels, maar weet ook van die heerlikheid van deurbrake en oorwinnings in die stryd.

Gebed is waar die aksie is – dit behels die ondersteuning en die instandhouding van die bedieninge en mense aan die voorpunt van die loopgrawe op al die sendingvelde van die wêreld (My vertaling).

Kom ons begin regtig wyslik bid vir die sendingvelde en die werkers!

Waarvoor behoort daar veral gebed word?

- Die aanleer van 'n nuwe taal en die aanpas by 'n nuwe kultuur, klimaat ens.
- Ouers en familie se onrus oor hul sendingkinders, hulle behuising, kinders se opvoeding, verskil in lewensstandaarde ens.
- Eensaamheid, huissiekheid en gebrek aan 'fellowship' met ou vriende
- Interpersoonlike verhoudings op die sendingveld en finansiële afhanklikheid
- Die funksionering van elektrisiteit, rekenaars, internet, drukkers ens.
- Die gebrek aan sigbare resultate in die bediening
- Die nasionale Christene wat bedien word
- Bid vir die sendelinge se stabiliteit, wysheid, deernis, selfdisipline, dapperheid, liefde, vervulling van die Gees – en wat nog...

5. Kommunikasie ondersteuning

Dink hier aan Paulus wat aan die gemeente in Filippi skryf:

“Ek hoop om, as die Here Jesus wil, binnekort vir Timoteus na julle te stuur. Dit sal my goeddoen as ek weet hoe dit met julle gaan.” (Filippense 2:19).

Een van die tragiëste dinge op die sendingveld is as die sendende kerk kontak verloor met sy sendelinge. Hou die kommunikasie tussen die sendelinge en hulle uitstuurgroepe warm deur persoonlike briewe, Nuusbriewe, telefoonoproepe, Skype, WattsApps, ens. As dit kan gaan besoek die sendeling op die sendingveld – so belangrik! En as dit kan stuur op sekere tye persentjies (veral sjokolade en biltong!)

6. Terugkeer ondersteuning

Dit is 'bad' as jy na al die jare in die sendingveld by die huis kom – en daar is niemand om jou te ontvang nie! Niemand wat regtig belangstel of jy finansiël die mas sal opkom, of jy goeie behuising het en of jy goed gaan inskakel by jou nuwe omgewing nie. Sleg as jy terugkeer en daar is niemand van jou sturende gemeente/ organisasie of sinode wat jou verwelkom en gereed is om jou te begelei

nie. Die ergste is as jy terugkom en niemand stel meer belang in jou 'stories' of jou preke nie! Ons het bietjie daarvan aan ons eie lywe gevoel...

Mense wat weet sê dat mens moet bedag wees op die volgende by transkulturele sendelinge wat terugkeer: Party onttrek hulle van die 'beskawing.' Ander begin maklik die kerk, kultuur en geestelike louheid van hul eie land oormatig te kritiseer. Ander raak te vinnig weer betrokke by allerlei goed – nie noodwendig wat God vir hulle wil nie. Ja, en dan is daar die wat in depressie verval en selfs selfmoord pleeg...

Nee, help die sendelinge om te integreer op die korttermyn maar ook op die langtermyn. Toe Paulus en Barnabas terugkeer van hulle sendingreise na Antiogië en Sirië lees ons

“ By hulle aankoms het hulle die gemeente bymekaar geroep en vir hulle vertel wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy ook vir die nie-Jode die deur na die geloof oopgemaak het. Hulle het 'n geruime tyd daar saam met die gelowiges deurgebring... (Handelinge 14:27,28).

Laat ons nie vergeet hoekom ons na alles betrokke moet raak by sending en sendelinge nie:

Dit is dus ons plig om sulke mense te ondersteun waar ons ook al kan want op dié manier word ons ook deel van die span wat die goddelike waarheid oral versprei.

Jy word so deel van 'n wenspan wat orals die Blye Boodskap verkondig! Wow! Is dit nie genoeg rede om betrokke te raak nie?

Raak dan betrokke by 'n sendeling of sendingveld sodat jy ook kan hoor:

Jy doen goed deur hierdie mense op hulle sendingreise voort te help soos God dit wil hê – ek is seker dat Sy hand van tevredenheid op jou skouers sal rus...

Cristo acima de tudo! Christus bo alles!

Kruger du Preez
(Februarie 2016)